Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, September 16, 2021
Page: 33

FOTO: GETTY IMAGES/KAZUMA SEKI

In die meeste gevalle vorm pensioen-, voorsorg- en uittree-annuïteitfondse nie deel van die boedel nie. Jou testament kan nie daaroor bepaal as dit nie binne die boedel val nie. Slegs die trustees van die fondse sal ingevolge die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956) besluit na wie toe dit moet gaan. Hou jy dié bates in gedagte?

Trustbates is beslis nie deel van jou boedel nie (behalwe as jy gevestigde regte het). As jy die trust opgerig het, wil jy sekerlik die moontlike voordele wat via die trust as inkomste en kapitaal vir jou erfgename beskikbaar is, in gedagte hou as jy oor jou testament besin. Moet ook nie vergeet om die trustakte na te gaan om te kyk hoe 'n opvolger in jou plek benoem kan word as jy as trustee sou afsterf nie.

Indien jy aandele in 'n private maatskappy hou, moet jy mooi besin oor die vererwing daarvan. Dit is verbasend om testamente te sien waar die testateur vergeet het dat die aandeelhouding aan iemand bemaak moet word. Indien nie, vorm dit deel van die restant. Jy wil tog nie dat 'n verkeerde persoon die aandeelhouding erf en eienaar van die maatskappy word nie.

Indien jy 'n direkteur van 'n maatskappy is, maak ook seker dat jou moontlike opvolger as sodanig reg aangewys word voor jou afsterwe.

7 ONDERTEKENING EN BEWARING VAN DIE TESTAMENT

Maak seker dat jou testament wel onderteken is, en nóg belangriker, dat dit reg onderteken is. Daar is te veel hofsake wat wys daar is nie seker gemaak dat hierdie belangrike aspek reg gedoen is nie.

Weet jy waar jou laaste, oorspronklike, ondertekende testament is? 'n Mens ervaar dikwels met hersiening van testamente dat die testateur nie weet waar sy of haar vorige oorspronklike testament is nie.

Onthou, geen oorspronklike, reg ondertekende testament is gelykstaande aan geen testament nie.

8 BESPREEK JOU TESTAMENT MET JOU ERFGENAME

Hierdie punt gaan heelparty mense laat kopskud. Dit is mos nie iets wat 'n mens doen nie. My ervaring is dat dit 'n baie belangrike aspek is as dit reg aangepak word. Dit skakel onnodige bakleiery en onenigheid later uit. Ek het ook al gesien dat die gesprek gelei het tot testateurs wat hul testament aangepas het omdat hulle besef het hulle was onbillik in die bemakings of het dalk iets nie in gedagte gehou nie.

Onthou, indien dié weg gevolg word, is dit belangrik om van 'n ervare, objektiewe en onafhanklike persoon gebruik te maak as fasiliteerder, aangesien dit maklik in 'n modder-gooiery kan ontaard. **LBW**

Mnr. Wessel Oosthuizen is 'n boedel- en finansiële beplanner by Verso Wealth, deel van die Galileo Capital-groep.

GRATIS KONSULTASIE IN TESTAMENTEWEEK

In die gees van die Wetsgenootskap van Suid-Afrika se nasionale testamenteweek kan lesers die volgende mense kontak vir 'n gratis testament- of boedelkonsultasie:

Mnr. George Robertson:
George@galileocapital.co.za
Mnr. Wessel Oosthuizen:
Wessel@verso-wealth.co.za
Mnr. Theo Vorster:
Theo@galileocapital.co.za

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.